

# Inhibeer of inspireer? Wat doen die kerk aan vroueleiers?

Chris van Wyk



Hierdie uitgawe van Kruisgewys fokus op die navorsingsresultate oor leierskap wat uit die ADGO-taakspan vir vrouelidmate se verslag aan die Algemene Sinode 2007 kom (lees die volledige verslag by [www.gemeentes.co.za](http://www.gemeentes.co.za)). Die verslag wys dat die kerk minder vroue as wat daartoe bereid is in leiersposisies gebruik (punt 4.3).

☞ **Madelein Gerber** – *Om doelbewus na vroue te luister* – beskryf die ontstaan en aanloop van die navorsing, lig enkele van die navorsingsresultate uit en daag die kerk uit om die potensiaal van vroue nog beter te ontsluit – bladsy 3.

☞ **Marieke Brand en Elna Mouton** – *'Laat staan haar!'* – beskryf die ryk en ingewikkelde verhaal van vroue in die NG Kerk, vanaf die aanvanklike ironie van afsonderlike organisasies tot by die atmosfeer wat begin verander het rondom vroue se regte en belange, alhoewel nie orals teen dieselfde pas nie. Hulle maak die interessante opmerking dat die verslag miskien die misterie van menswees misken, en sluit af met 'n geloofsperspektief op dié God wat telkens ons waardigheid vir ons teruggee – bladsy 4.

☞ **Rethie van Niekerk** – *'Dit sal nie van haar wegeneem word nie ...'* – neem haar vertrekpunt in die bekende verhaal van Marta en Maria en toon aan hoe vroue se eie denke oor leierskap begin skuif. Benewens die feit dat vroue moeiliker “eksterne gesag” ontvang, worstel hulle ook baie keer met “innerlike gesag”. Sy stel voor dat leierskap as “partnership” in die kerk funksioneer, en dat ons daarmee rekening moet hou dat ons menswees méér as ons geslag is

– bladsy 6.

☞ **Elsje Büchner** – *As vroulike leier tussen mans* – gee ook 'n kykie terug in die geskiedenis van die rol van vroue in die kerk. Sy skryf oor haar persoonlike en teologiese reis as eerste vrou ooit op die moderatuur van die Algemene Sinode. Haar gevolgtrekking is dat leierskapontwikkeling nou hoog op die agenda moet wees – bladsy 8.

☞ **Rinel Hugo** – *Inhibeer of inspireer kerklike strukture vrouelidmate?* – fokus op die feit dat vroue volgens die verslag nie noodwendig in bestuursposisies leiding wil neem nie, maar eerder by bedieninge. Om vroue te bemagtig, moet by ontwikkeling van vroue se latente leierskap hulle eie aard en behoeftes in ag geneem word – bladsy 11.

☞ **Waldemar Stumpf** – *Skielik vang my oog die bank waar sy gaan sit ...* – verwoord die wyse waarop 'n vrou as kollega sy eie vooroordele aan die lig bring. Hy wys hoe die kerk 'n ongeskrewe vereiste op vroue van toepassing maak om hulle “man” te staan en onsensitief teenoor die konteks van huishoudings optree. Hy wonder of die mans in die kerk die vermoë het om regtig aan vroue 'n regmatige plek te gee – bladsy 13.

☞ **Frederick Marais** – *'Hoe dink julle as vroue hieroor?'* – skryf oor sy naïwiteit en onbetrokkenheid in die skep van 'n kultuur waar vroue en mans mekaar se potensiaal in die kerk help ontsluit. Om dié kultuurskuif te bewerkstellig, sal mans in magsposisies doelbewus ruimte moet skep vir vroue om volgens hulle gawes leiding te gee, eerder as om te kapituleer of te kompeteer – bladsy 15.

Die kunswerk op die voorblad is “Sans Vue” van die bekende beeldhouer Frans Boekkooi van Port Elizabeth, wie se werk internasionaal uitgestal word. Die Franse titel beteken “sonder sig” en is 'n uitbeelding van die blinde se kontak met die wêreld – deur gevoel. Die figuur se stralende gesig resoneer met die hoop in my dat hierdie uitgawe daartoe kan bydra dat ons gesamentlike menswees – mans én vroue – nóg beter in ons kerk ontsluit kan word.

● **Chris van Wyk - Artikelredakteur**